

**Maandag 10 April**

**Skrifgedeelte: Markus 11:12-25 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Markus 11:13**

**Die blare was mooi, maar die vrug van die geloof het ontbreek**

Dit handel in hierdie twee perikope oor *die vervloeking van die vyeboom en die reiniging van die tempel*. Die vyeboom het die belofte van vrug gehad, maar niks gedra nie; en die tempel was veronderstel om die plek van aanbid-ding te wees, maar word vir handeldoeleindes gebruik. Jesus soek godsdiens-tige vrug onder sy eie mense, maar vind dit nie.

Die handelaars en geldwisselaars het tydens die paasfees baie geld gemaak. Mense wat van ander lande af gekom het, moes hulle geld vir Joodse geld omruil, aangesien dit al was wat in die tempel én ook deur die handelaars aanvaar is. Die geldwisselaars het die wisselkoers só aangepas dat hulle skatryk ge-word het, terwyl die handelaars weer buitensporige pryse vir die offerdiere gevra het, want “biesnies is biesnies”.

Vye was ’n gewilde en goedkoop voedselsoort in Palestina. Die klein vyttjies groei gewoonlik saam met die blare, maar hierdie boom het geen vye gehad nie, hoewel dit vol blare was. Dit sou dus nie daardie jaar vrugte dra nie. Jesus se skerp woorde het beteken dat die volk van Israel net soos die vye-boom was. Hulle was ook veronderstel om baie vrug te dra, maar in plaas daarvan was hulle sonder enige vrugte.

Jesus was ontsteld omdat Israel na wie Hy gekom het, die skyn van vroomheid en godsdienstigheid gehad het, maar nie hulle ware Verlosser wou aanvaar nie. Die blare was mooi, maar die vrug van die geloof het ontbreek. En dit nog te meer omdat die eindtyd reeds aangebreek het.

*Sing: Psalm 128:1, 3, 4 (1936)*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*